education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 7

SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

NOVEMBER 2025

PUNTE: 50 **TYD: 1½ uur**

Skool: _____

Leerder se naam en van:_____

Graad 7 _____

Punte: AFDELING A: ____ / 15 **AFDELING B: ____ / 35** **TOTAAL: ____ / 50 = %**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Kolonisering van die Kaap in die 17de-18de eeu	(15 punte)
AFDELING B:	Samewerking en konflik op die grense van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu.	(35 punte)

2. Wanneer jy vrae beantwoord, moet jy ook jou eie kennis toepas.
3. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A: KOLONISERING VAN DIE KAAP IN DIE 17-18DE EEU

Vraag 1: Lees **Bron A** oor *die eerste inwoners van Suid-Afrika*, en beantwoord die vrae.
Bron A: *Die eerste inwoners van Suid-Afrika*



Die San-Boesmans was die eerste mense wat aan die Kaap gewoon het. Die San was nomadies en hulle het nie op een plek gebly nie. Hulle het wilde diere gejag en wilde plante versamel om te eet. Vanaf ongeveer 250 n.C. het Afrika-boere van Sentraal-Afrika na Suid-Afrika getrek. Hulle het in die oostelike deel van die land gaan woon.

1.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?
Die San-Boesmans was nomadiese jagter-versamelaars. _____ (1)

1.2 Verduidelik waarom Afrika-boere in die oostelike dele van Suider-Afrika gaan woon het, en nie in die westelike dele nie. (1)


_____

_____

[2]

Vraag 2: Bestudeer **Bron B** en beantwoord die vrae.

Bron B: *Wêreldkaart wat die VOC-handelsroete tussen Nederland en die Oos-Indiese Eilande (Batavia) toon.*



2.1 Omkring die korrekte antwoord: (1)

Waarom was die Kaap 'n goeie ligging (plek) vir 'n verversingstasie in die 1600's?

A. Dit was naby genoeg aan Amsterdam.
B. Daar was reeds 'n paar klein dorpies aan die Kaap.
C. Dit was omtrent halfpad op die seeroete tussen Europa en die Oos-Indiese Eilande.
D. Goud en diamante is reeds aan die Kaap ontgin.


2.2 Waarom het Jan van Riebeeck 'n nedersetting (verversingstasie) aan die Kaap begin? (1)

_____

_____**[2]**

VRAAG 3: Bestudeer **Bron C** oor Slawerny aan die Kaap en beantwoord die vrae.

Bron C: In 1658 het Jan Van Riebeeck die volgende in sy joernaal geskryf:



"Ek wil nie ons soldate en matrose gebruik om landbouwerk te doen, en robbe te vang nie. Dit is te duur.
Die plaaslike inwoners wil nie vir ons werk nie. Dit sou baie beter wees as slawe hierheen gebring word.
[Bron: Aangepas vanaf https://sahistory.org.za/article/dutch-settlement]

3.1 Gee TWEE redes waarom Van Riebeeck gedink het dit beter sou wees om slawe na die Kaap te bring. (2)

1)_____

2) _____

3.2 Watter werk moes slawe aan die Kaap doen? Noem enige TWEE. (2)

_____ en _____

3.3 Vergelyk die lewens van die slawe aan die Kaap met dié van die Vryburgers (boere). Wat was die belangrikste verskil? (2)

_____

_____

3.4 Evalueer Jan van Riebeeck se besluit om slawe na die Kaap te bring. (Dink jy dit was regverdig?) Gee 'n goeie rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____

[8]

VRAAG 4: Groepe mense aan die Kaap

Pas Kolom A by Kolom B. Skryf die korrekte letter in die spasies onder die tabel.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Vryburgers	A	Christenmense wat uit Frankryk gevlug het. Hulle het grond gekry, druiwe gekweek en wyn gemaak.
4.2	Franse Hugenote	B	Boere wat met slawe en diere na die binneland getrek het.
4.3	Trekboere	C	Mense wat die VOC van hul kontrakte vrygestel het. Hulle het plase gekry en voedsel vir die nedersetting verbou.

4.1		4.2		4.3	

[3]

TOTAAL AFDELING A: [15]

AFDELING B: SAMEWERKING EN KONFLIK OP DIE GRENSE VAN DIE KAAPKOLONIE IN DIE VROEË 19DE EEU.

VRAAG 5: Bestudeer **Bron D** en beantwoord die vrae.

Bron D:TYDLYN VAN GEBEURE

TYDLYN VAN GEBEURE IN DIE LAAT 18DE EN 19DE EEU IN DIE KAAPKOLONIE	
1779	Eerste Grensoorlog tussen Trekboere en Xhosa oor die **Zuurveld**.
1795	Brittanje neem die Kaap vir die eerste keer oor.
1803	Die Kaap word aan Holland teruggegee.
1806	Die Britte het die Kaap vir die tweede keer **gekoloniseer.**
1818 – 1819	Vyfde Grensoorlog
1820	4 000 Britse setlaars arriveer per skip in die Oos-Kaap
1834	Brittanje skaf slawerny af (beëindig dit)
1877 - 1879	Negende (9de) Grensoorlog: Die Xhosa word uiteindelik verslaan nadat hulle meer as 100 jaar lank teen kolonisasie geveg het.

5.1 Waarom het die Trekboere en die Xhosa in 1779 oor die Zuurveld geveg? (1)

A. Die Nederlanders wou daar 'n dorp bou.
B. Die Xhosa wou slegs met Europa handel dryf.
C. Die Zuurveld was ryk aan goud en diamante.
D. Altwee groepe wou die grond hê vir weiding vir vee.

5.2 Hoeveel Grensoorloë is gevoer voordat die Xhosa uiteindelik verslaan is? (1)

_____

5.3 Kies die korrekte antwoord uit die woorde tussen hakies: (1)

Tydens die grensoorloë het Hoofman ***(Stockenstroom / Maqoma)*** teen die Britte geveg.

5.4 Definieer die term 'koloniseer' in jou eie woorde. (1)

_____

_____

5.5 Twee Europese lande het die Kaap gekoloniseer. Noem altwee Europese lande.

_____ en _____ (2)

5.6 Watter groep mense het in 1820 in die Oos-Kaap aangekom, en waarom is hulle daarheen gebring? (2)


_____

_____

[8]

VRAAG 6: Bestudeer **Bron E** en beantwoord die vrae.

Bron E: Kaart wat handelsbetrekkinge in die Noord-Kaap in die vroeë 1800's aandui.



6.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? (1)

In die Noord-Kaap was daar baie handel en samewerking tussen die verskillende groepe, maar daar was ook konflik. _____

6.2 Onderstreep die korrekte antwoord uit die opsies tussen hakies:

6.2.1 Toe Brittanje die Kaapkolonie oorgeneem het, het hulle die ***(Limpopo / Gariep)*** Rivier die noordelike grens gemaak. (1)

6.2.2 Die ***(Xhosa / Tswana)*** mense het groot dorpe in die noorde gebou. (1)


6.2.3 Tswana-mense het items soos ivoor, velle, pels, yster en tabak met die ***(Kora en Griekwa / San en Khoi-Khoi)*** verhandel. (1)

[4]

VRAAG 7: Gevallestudie: Robert Moffat

Lees **Bron F** oor Robert Moffat en beantwoord die vrae.

Bron F: Robert Moffat - Die Vader van Sendingwerk in Suid-Afrika



Robert Moffat was 'n **sendeling** uit Skotland wat in 1817 in Suid-Afrika aangekom het. Hy het met die Tswana- en Griekwa-mense gewerk. Saam met sy vrou, Mary, het hy 'n sendingstasie in Kuruman gebou. Hulle het die Bybel in Setswana vertaal en mense geleer lees en skryf. Hy het 'n kerk gebou en 'n skool begin. Hy het baie jare lank die gemeenskappe gehelp. Hy was goed in houtwerk, tuinmaak, boerdery en metaalbewerking. Hy het die Tswana gehelp om boere te word en hul eie kos te kweek. Sy sendingstasie het 'n sentrum van godsdiens en leer in die streek geword.

7.1 Waar het Robert Moffat 'n sendingstasie gebou?_____ (1)

7.2 Definieer in jou eie woorde wat 'n **sendeling** is. (1)

_____

_____

7.3 Onder watter TWEE groepe mense het Robert Moffat gewerk? (2)

_____ en _____

7.4 Waarom wou Moffat hê dat mense die Bybel in hul eie taal moes kan lees? (1)

_____

_____

7.5 Noem enige manier waarop Robbert Moffat die Tswana-mense gehelp het. (1)

_____

7.6 Dink jy dat sendelinge meer positiewe (goeie) of negatiewe (slegte) impak op plaaslike gemeenskappe gehad het? Verduidelik jou antwoord. (2)

_____

_____

_____

[8]


VRAAG 8: Opstel: Die oosgrens van Europese nedersetting

Gebruik **Bron G** en jou eie kennis om 'n opstel te skryf. Beantwoord die volgende vraag:

Bespreek die oorsake en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie gedurende die vroeë 19de eeu.

Gebruik die volgende leidende vrae om jou te help:

- Wat was die hoofredes (**oorsake**) vir die konflik tussen die Xhosa en die setlaars?
- Watter belangrike **gebeure** het tydens hierdie konflikte plaasgevind?
- Wat was die **gevolge** van die konflik vir die mense aan die oosgrens?



Bron G: 'n Prent van 'n groep Xhosa- en Trekboere in konflik.

Jou opstel moet 'n **inleiding** en 'n **gevolgtrekking** hê.

Gebruik die onderstaande rubriek as 'n riglyn.

Kriteria en punte	Beskrywing en punte	Toegekende punt
Inleiding [2 punte]	*0/1 punt:* Geen inleiding of heeltemal irrelevante / beperkte oorsig.	_____ **2**
	2 punte: Die inleiding bied 'n duidelike oorsig van die onderwerp wat bespreek sal word.	
Inhoud [10 punte] Bespreking van die oorsake, gebeure en gevolge van konflik op die oosgrens van die Kaapkolonie	*0-1 punt:* Geen verduideliking of heeltemal irrelevant.	_____ **10**
	2-3 punte: Die inhoud is yl. Die vraag word onvoldoende aangespreek. Daar is 2-3 punte wat relevante besonderhede gee oor die oorsake en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie.	
	4-6 punte: Die vraag is grotendeels beantwoord. Die inhoud is relevant. Ten minste 4-6 punte wat die oorsake, gebeure en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie bespreek.	
	7-10 punte: Die vraag is volledig beantwoord. In 7-10 goeie punte het die kandidaat relevante inligting gekies om die argument te ondersteun. Die opstel bespreek duidelik die oorsake, gebeure en gevolge van konflik aan die oosgrens van die Kaapkolonie.	
Gevolgtrekking [3 punte]	*0/1 punt:* Geen gevolgtrekking of slegs 'n gedeeltelike gevolgtrekking	_____ **3**
	2 punte: Die gevolgtrekking herhaal kortliks wat in die opstel bespreek is.	
	3 punte: Die slotparagraaf versterk die sleutelpunte en bied 'n duidelike begrip van die oorsake en gevolge van konflik aan die oosgrens.	
		/15

TOTAAL AFDELING B [35]
TOTAAL: 50